

KOERSVAS

Jaargang 4 Uitgawe 87 20 Mei 2016

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte

Kennisgewings



REDAKSIONEEL

Regstellende aksie

Rugby - Die aanstelling van die Springbokafrigter het anders as in die verlede geskied. Die eerste gesprekke was nie oor wen en provinsialisme nie, dit het gegaan oor **kwotas**.

Dit sou nie onredelik wees om te verwag dat die afrigter van die eerste dag af onder druk is om 'n wenspan te kies en af te rig nie. Ons hou tog so baie van wen.

Die verlede het gewys dat afrigters soms ten onregte van provinsialisme beskuldig word. Springbokgetalle wys ook dat 'n afrigter uit die Noorde soms Bulspelers bevoordeel het, terwyl 'n aanstelling uit die Suid die WP manne se getalle in die boktrui opgestoot het. Soms het dit gebeur dat die afrigter die beste spelers kon kies ongeag provinsie en hulle het gebou aan die wenkultuur.

Die nuwe afrigter se eerste uitdaging is die "rasse mynveld" in terme van spankeuses. SARU het hulself verbind tot streng transformasie kwotas wat hierdie jaar reeds beteken dat 34% van die Springbokke "spelers van kleur" **moet** wees.

Prakties gaan dit so gedoen moet word: Agt van die 24 spelers sal swart of soortgelyk moet wees. Dit gaan beteken dat die druk

om te wen nie so groot gaan wees van SARU se kant nie, maar wel van die publiek se kant. Die afrigter gaan eers die beste agt nie-blanke spelers kies en dan die res van die span. Prakties kan dit beteken dat daar blanke spelers in sekere posisies kan wees wat gewoon nie gekies kan word nie omdat daardie posisie uit kwota spelers gevul word. Dit is onregverdig teenoor briljante spelers. Dit beteken ook dat daar soms spelpatrone gekies word wat swakhede bolwerk, eerder as om te fokus op die beste spelpatroon vir spelers en wen-ideale.

Dit is ook onregverdig teenoor "spelers van kleur". Daar is spelers wat loshande die boktrui verdien. Die 'transformasie' en 'kwota' skaduwee sal oor hulle hang solank transformasie aktief nagejaag word.

Dit is nie net op top vlak wat hierdie **velletellery dikteer** nie. Op alle vlakke word mense benadeel en te nagekom omdat swakker spelers op grond van velkleur gekies moet word. Dit is nie net op die rugbyveld wat dit gebeur nie. Op soveel sportterreine, op soveel vlakke word kinders (wat dit nie altyd verstaan nie) seergemaak omdat die beste nie goed genoeg is nie. In die nuwe RSA geld die stelling: **'Middelmatigheid en die "regte" velkleur troef uitnemendheid.'**

Die argument dat dit in die verlede na die ander kant gebeur het, hou nie water nie. Daar was soveel geleenthede wat nie aangegryp is nie dat 'n veralgemening van "diskriminasie in die verlede" nie as motivering kan dien nie. Buitendien, onreg kan nie onreg herstel nie. Geregtigheid word nie deur ongeregtigheid gebalanseer nie.

Ekonomie – Dit is nie net op die sportveld wat sogenaamde transformasie, kwotas, regstellende aksie, en soveel ander terme ingespan word om ongeregtigheid in aksie te perpetueer nie. Mense word aangestel op grond van ras en 'potensiaal'. Dit knou nie net die ekonomie nie, dit knou die gees en selfvertroue van bekwaame mense wat niks anders verkeerd gedoen het as om die verkeerde ouers te kies nie, naamlik blanke ouers. Dit beteken dat daar talle mense is wat iemand anders se werk sonder ekstra vergoeding ook moet doen, en dan net te dankbaar is om nog te kan werk. Hoeveel polisiestasies is sonder personeel omdat wittes nie aangestel of bevorder kan word nie?

Regverdige mense verwag dat **gelykheid van geleentheid** sal geld. Ideologies gedrewe kommuniste wat "sosiale geregtigheid" najaag, verwag **gelykheid van uitkoms**. Die eerste groep streef na uitnemendheid. Die tweede wil velle en geslagsdele tel en dan sosiale transformasie verder afdwing. Die verlede is tans net 'n handige instrument om blankes te laat skuldig voel. Daar is telkens strenger wetgewing nodig.

Deur wetgewing beskerm - Tog ironies dat so baie wette geskryf moet word om die **meerderheid van vyftig miljoen** "mense van kleur" te beskerm teen die **vier en 'n half miljoen blankes (babas, werkloses en bejaardes ingesluit)**. Die wetgewing word

gerugsteun deur opgemaakte emosionele argumente en sielkundige manipulasie. Die verlede word verkeerd onthou en gebruik om besware aan blanke kant in skaamte stil te maak. Die geskiedenis word ideologies herskryf.

Indien hierdie rasgedrewe ideologie gaan aanhou, kan ons wen op die sportveld, ekonomiese vooruitgang en welvaart vaarwel roep.

BERIGTE

• KENNISGEWING: BONDSVERGADERING 2016

Geagte Kerkraad,

Ontvang hiermee die nodige inligting en reëlings in verband met die Bondsvergadering 2016. U word vriendelik versoek om alle sperdatums in ag te neem en daarby te hou.

DATUM: 4 tot 6 September 2016.

PLEK: Gemeente Grootvlei.

TYD: Sondag 4 September 2016

Registrasie vanaf 16H00.

Opening om 18H00.

KOSTES: R230 per afgevaardigde. Gelde moet betaal word in die rekening van die Geloofsbond.

Rekeningnaam: Geloofsbond van Hervormde Gemeentes

Eerste Nasionale Bank van Suid-Afrika (FNB)

Rekeningnommer: 6243 092 3088

Tak: Pretoria-Noord

Takkode: 250 655

• Gemeente Meyerspark lê weekliks besoek af by die Wilgers hospitaal. Wat besoeke bemoeilik, is dat pasiënte baie keer nie hulle kerkverband op die opname vorm invul nie. Gevolglik het die hospitaal nie rekord van watter mense van die Hervormde Kerk in die hospitaal is nie. Ons wil graag

almal besoek, ook lidmate van ander gemeentes. Skryf "Hervormd" of "GHG" by "Kerkverband" op die registrasie-vorm.

- **LEWENSBROOD 2017**

Aandag alle Geloofsbond predikante: Die indeling vir oordenkings vir 2017 is uitgestuur. Maak seker u het u e-pos ontvang. Administrasie beamptes word versoek om te verseker dat emeriti ook hulle werksafbakening kry.

- **GELOOFSBONDKWILT 2016**

(GHG Gesamentlike fondsinsameling-projek vir Teologiese Opleiding van GHG predikante)

Tydens die Geloofsbond se Damesbyeenkoms in 2015, is daar besluit om by te dra tot die Opleidingsfonds deur 'n gesamentlike projek te loods.

As beginpunt van hierdie fonds, is 'n laslappiekomers/deken gemaak wat toe verlede jaar uitgeloot en gewen is.

Elke Bondsgemeente was 'n geleentheid gebied om blokke vir die geskiedkundige kwilt te maak. Die blokke was aangestuur en aanmeakaargewerk soos wat Bondsgemeentes deur geloof aanmekaar gebind is.

Daar is oor 'n R30 000 ingesamel en inbetaal met hierdie poging. Nou in 2016 doen ons dit weer.

Elke gemeente hekel 4 of meer blokke in aardse kleure van presies 20 cm in omtrek.

Maak asseblief seker dat dit vir **Ina Steenkamp voor Dinsdag, 31 Mei 2016** bereik.

U kan haar telefonies of per epos kontak by **auri@mweb.co.za of 0829082831**.

Lootjielyste sal binnekort beskikbaar gestel word en kan bestel word by Ella Joubert per adres: ella@teamworkprinters.com

Die sluitingsdatum vir die ontvangs van alle blokke is 31 Mei 2016.

- Indien u graag wil help om die kwilt aanmekaar te sit, kontak vir Yvette Otto by 0722237522.

- **GELOOFSBOND OMGEE**

Jaarlikse Makwasbyeenkoms te Premiemryn in Cullinan DV op Vrydag, 10 Junie vanaf 10:00.

Die Dorkas van Premiemryn nooi alle emeriti en/ of hul gades na 'n heerlike 3-gang maaltyd met boerekos en bederf op 10 Junie 2016 vanaf 10:00.

U as leraar is ook welkom om saam te kom kuier of om 'n boodskap te stuur wat ons aan die emeriti en hul gades kan voorlees.

RSVP asseblief voor 4 Mei by **Hanlie 0824174466**.

KENNISGEWINGS

Advertensies

GELOOFSBOND HERVORMDE GEMEENTE THERESAPARK

Vleisfees Saterdag 28 Mei 2016 op die kerkterrein te Springboklaan, Theresapark.

Twee sessies - 15:30 tot 19:00.

Volwassenes R120; laerskool kinders R60; voorskool gratis. Kom geniet bosvark op die spit, skaapstertjies, wildswors, wildspastei asook hoenderdye met heerlike bykosse. Bring eie drinkgoed en glase. Veiling en prystrekking.

Bespreek u sitplek vroegtydig.

Navrae en besprekings : 012 542 3568 / 073 099 3699

- Lidmate wat belangstel om meer te wete te kom oor die Calvinistiese alliansie en in die besonder gedagtes oor weerbaarheid, kan gerus die skakel hier onder opvolg:

https://www.facebook.com/steedshervormers/posts/990507434364632?notif_t=page_wall

Neem asseblief kennis van die advertensies wat ingesluit is.

- Oornag fasiliteite by Villa Stoney – naby Pretoria. Skakel Ina 082 908 2831 of auri@mweb.co.za.

- Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar word elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op die internet geplaas.

<http://www.geloofsbond.org.za/>

- **Drukwerk**

Paul en Ella help graag met:

- Kalender

- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorieboeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

ella@teamworkprinters.com